

Skrapnel

WILLEM ANKER

DRAMA

Skrapnel

Skrapnel

WILLEM ANKER

Protea Boekhuis
Pretoria
2012

Skrapnel – Willem Anker

Eerste uitgawe, eerste druk in 2011 deur Protea Boekhuis
Eerste e-boek-uitgawe in 2012 deur Protea Boekhuis
Posbus 35110, Menlopark, 0102
Burnettstraat 1067, Hatfield, Pretoria
Minnistraat 8, Clydesdale, Pretoria
protea@intekom.co.za
www.proteaboekhuis.com

REDAKTEUR: Daniel Hugo
PROEFLESER: Shané Kleyn
BANDONTWERP: Hanli Deysel
BLADUITLEG: Hanli Deysel
TIPOGRAFIE: 11 op 14.5 pt ZapfCalligr
GEDRUK EN GEBIND: Creda Communications, Kaapstad

ISBN 978-1-86919-409-3 (gedrukte boek)
ISBN 978-1-86919-879-4 (e-boek)
Kopiereg © 2011 Willem Anker

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Aansoeke om opvoer-, uitsaai-, film- en vertaalregte moet aan Protea Boekhuis gerig word.

BEDANKINGS—*Skrapnel* was 'n opdragwerk van die Aardklop Nasionale Kunstefees. My dank aan die feesbestuur, spesifiek Marguerite Robinson (programbestuurder), en aan die volgende donateurs: Het Jan Marais Nationale Fonds, Die Dagbreek Trust en Aardklop 21.

ERKENNING—Baie in *Skrapnel* is gesteel uit die monde van vriende en vanaf die bladsye van Italo Calvino, Don DeLillo, *Time Magazine*, gedrukte en aanlyn-nuusblaaie, en antiterrorisme-handleidings. Philip Larkin se gedig "This Be the Verse" word gedeeltelik deur X en Y aangehaal op bladsye 49, 50 en 51.

Skrapnel is vir die eerste keer opgevoer by die Aardklop Nasionale Kunstefees te Potchefstroom op 29 September 2009. Die geselskap was:

AKTEURS:
X Jenine Groenewald
Y Andrew Thompson
Z Marcel van Heerden

KLANKBAAN / MUSIEK: Braam du Toit
BELIGTINGSONTWERP: Michael Maxwell
VERHOOGBESTUUR: Pieter Hugo
ASSISTENTREGISSEUR: Wolf Britz
REGIE, ONTWERP EN VERVAARDIGING: Jaco Bouwer

ROLVERDELING

X: *'n Jong vrou*

Y: *'n Jong man in 'n sekuriteitswaguniform.*

Z: *'n Middeljarige outoriteitsfiguur. Wanneer hy verslag lewer oor terrorisme herinner hy aan 'n TV-joernalis met 'n David Attenborough-persoonlikheid. (Miskien het hy ekseem wat hom toenemend irriteer en hom na die einde toe in 'n opgewerkte toestand angstig aan sy voorarms laat krap.)*

VERHOOG

Een volledige, vroulike winkelpop (Debbie).

Liggaamsdele van winkelpoppe wat versprei lê oor die verhoog.

Twee mikrofone wat uit die dak hang as "podiumruimtes" vir Z.

Twee groot ligkaste agter op die verhoog wat herinner aan die advertensie-ligkaste op moltrein-stasies. Die kaste is met geskeurde, vuil plastiek oorgetrek. Daar is bloed op die plastiek van een van die ligkaste, waarteen Y in Toneel 1 "SKRAPNEL" sal skryf.

Rostra (plus-minus 50 x 50 cm) vorm saam 'n U wat regoor die verhoog strek en wat kan dien as vervoerband, moltrein, sitplek en bed.

Die verhoog bly deurgaans dieselfde. Niemand verlaat ooit die verhoog nie, behalwe Y, soos waar aangedui.

Die vertoning speel af in die gees van 'n kamakazi-aanval en/of "shopping frenzy". Die tonele volg mekaar blitsig op en is "geraam" as flitsende herinneringe wat in- en uitdoof.

TONEEL 1

Donker. Stilte. Ontploffing. 'n Dowwe geklop in die agtergrond, soos Y se hart in sy ore klop. Ligte stadig aan. Die akteurs is reeds op die verhoog.

Y: Dit is tien voor nege in die oggend. Dit is die 7de Julie. Dit is die jaar van onse Heer 2005. Dit is Londen. 'n Bom ruk 'n moltrein aan flarde. Onder die puin lewe jou lyf nog. Jy is besig om te sterf.

Z: Albei jou bene is afgeruk, dit bloei verbasend min. Jou regterarm lê vergruis onder 'n stuk skroot. Rondom jou is 'n halwe meter ruimte; 'n staalkokon in die vernietigde tonnel. Die bom het jou deel van die trein gemaak.

Y: Dit is die begin van die 21ste eeu. Jy is 22. Jy is besig om leeg te loop. Jy proe bloed in jou mond. Ten minste is dit nou stil.

X: So, jy wil vir ons jou storie vertel?

Z: Soos jy kan sien, ons gaan nêrens heen nie; ons is reg as jy reg is. Sal ons begin?

X: Maar asseblief, in die naam van alles wat stukkend

is, asseblief, moet tog net nie heel voor begin nie, nie daar by die soet en mistige begin van alles nie. Geen tyd soos die nou nie, jy weet.

Z: Vertel ons 'n bietjie van jouself. Wat is jou persoonlike details?

X: En wie het dit aan jou gesig gedoen?

Y: Jou persoonlike details is dat jy in 'n selfmoordaanval betrokke raak in die rol van slagoffer. Jou persoonlike details is dat jy 'n Afrikaanssprekende wit Suid-Afrikaner is op 'n werksvakansie in Londen waar jy ses dae 'n week, twaalf ure 'n dag as sekuriteitswag werk in twee takke van dieselfde kettingklerewinkel. Jou persoonlike details is dat jy op die tube sit en dink, sit en staar, wonder wat om vir haar te sê as jy vanaand by die huis kom. Jou persoonlike details is dat jou huis 'n youth hostel is, die hoeveelste een in 'n reeks van bunkbeds en paslakens wat na industrial disinfectant ruik. Jou persoonlike details is dat jy afbuk om jou army boot se veter vas te maak as die bom rondom jou ontplof. Jou persoonlike details is dat tussen die verfrommelde staal en plastiek jy nie weet wat van al die mense om jou geword het nie.

Z: Jy proe die bloed; die smaak van ou kopermunte. Die bloed in jou mond sê vir jou dat jy nie 'n nikkel werd is nie.

X: Ten minste is dit stil.

Z: Maar jy kan nie ontspan nie.

Y: Vir die eerste keer in hoe lank hoor jy niks. Die bloed wat teen jou wange afloop, sê vir jou dat jou oortromme gebars het. Al wat oorbly is die suisende, gedempte bzzz, dit wat hysbakmusiek moes wees in ’n perfekte wêreld, die anti-klank in die binneste geheimenisse van ’n byenes. In die hysbak van die dowes sak jy vinnig na benede.

Z: Jou bloed orals om jou, behalwe binne-in jou, sê vir jou om dood te speel.

X: Dis al wat jou aan die lewe gaan hou.

Z: Verbeel jou dat terwyl jy hier lê en flitse sien van dinge wat lankal nie meer saak maak nie, terwyl jou brein stelselmatig afskakel …

X: Verbeel jou dat terwyl die geklou na betekenis deur jou gedagtes krap, ’n vinger, die wysvinger van jou linkerhand, stadig oor jou bors beweeg en in jou bloed een woord op jou uniform skryf.

Y: Verbeel jou dat hierdie vinger, met elke beweging wat dit maak, in jou moedertaal praat. Verbeel jou dat hierdie vinger, soos dit die een woord in jou bloed op die bruin hemp krap, jou hele storie vertel in die enigste taal waarin jy kon leef, ’n kru taal, sterwend, op die gebarste lippe van oumense in Afrika …

X: Op jou eie dooie tong.

Y skryf in die bloed op die plastiek teen die ligkas “SKRAPNEL”.

Y: Ek is …

Z: Jy is …

X: Ons is …

Z: Op jou paspoort staan Christiaan Rudolph de Wet Botha. Jy wil vir ons jou storie vertel?

X: Ons is die ene ore. Ons is mond en brein, ’n oorstroomde hart en twee bene êrens dieper in die wrak.

Z: Ons is alles wat onder die stasiedak van jou naam opgekrop moes bly.

Y: Ons is legio …

Z: … ons was nooit minder nie …

X: … hierdie slag het ons bevry.

Z: Maar ons luister almal na jou storie. Met stukkende ore.

Bom ontplof.

Ligte uit.

TONEEL 2

Ligte aan.

Z: Die woord "skrapnel" is ontleen aan die naam van generaal-majoor Henry Shrapnel (1761–1842), 'n Engelse artillerie-offisier, wie se eksperimente inderdaad gekulmineer het in die ontwerp en ontwikkeling van 'n nuwe tipe artilleriepatroon. Die term het oorspronklik verwys na 'n anti-personeelpatroondop wat 'n groot aantal individuele koeëls na die teiken dra en hulle dan vorentoe lanseer, inderdaad byna volledig afhanklik van die spoed van die patroon vir hul dodelikheid. Alhoewel die term oorspronklik net verwys het na die sferiese musketkoeëls wat losgeskiet het as 'n skrapnelpatroon gebars het, word die term deesdae gebruik om alle tipes hoë-snelheidsfragmente te beskryf wat deur 'n ontploffing uitgewerp of losgeskiet word. Die term differensieer inderdaad nie meer tussen die prosesse wat die skrapnel veroorsaak nie. Solank dit teen 'n bepaalde spoed beweeg, weg van die punt van oorsprong, kan enige iets skrapnel wees.

Ligte uit.

Ligte aan.

Jeugherberg.

X: … nog ’n Boertjie … Moenie so in die deur staan nie. Kom in of gaan uit.

Y: Ek weet nie of ek in die regte kamer is nie.

X: Jy’s nog nie in die kamer nie. En nie meer in die gang nie.

Y: Die ou by die front desk het gesê ek’s in hierdie dorm. Hy’t gesê daar’s ’n oop bed, die een by die venster. Die een waarop jy sit.

X: Seker ’n double booking. Ek waai môre-oggend. Ek’t ’n job gekry, nou kan ek seker weer ’n kamer êrens bekostig. En wat noem hulle jou?

Y: Chris.

X: Hallo, Chris. Sit neer jou goed. Ons kan dit later uitsort. Kom saam, ek’s op pad om te gaan celebrate. Daar’s ’n nice plekkie hier om die draai, Koreaans of Japannees of whatever.

Ligte uit.

Ligte aan.

Goedkoop Oosterse restaurant.

Y: … toe skud ek my pa se hand en vlieg uit die land uit.